

Inhoud Paassondag. Hierdie preek wys dat die Here self as mens van vleis en bloed uit die graf uit opgestaan het en vandag só leef in die hemel. Só is Christus ons Here en ons God – Hy laat ons vir ewig as mense met Hom leef in sy liefde as God. In alle goddeloosheid moet mense Jesus herleef as 'n goddelike gees in hulle, en Hom nuut maak en oor maak, anders is Hy dood vir mense. Hulle herleef en vernuwe Jesus as 'n afgod wat hulle 'm goddelike lewe gee omdat hulle nie dat Hy as 'n mens van vleis en bloed uit die graf uit opgestaan het nie. Gelowiges leef as mense vir ewig met hul menslike identiteit omdat Jesus hulle weer as mense uit die dood sal opwek soos Hy op Paassondag uit die dood uit opgestaan het.

Skriflesing Johannes 16: 12 – 15, 14: 19, 20: 19 -21.

Teks Johannes 14: 19: “Nog net 'n klein rukke, en dan sien die wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe.”

Tema Christus laat ons lewe die ewige lewe saam met Hom wees

1. Wat Christus die Donderdagaand voor Paasvrydag vir sy dissipels sê: ““Nog net 'n klein rukke, en dan sien die wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe”, gebeur op die Paassondagaand. Jesus leef en hulle sien Hom!

Die “kort rukkie” wat sy dissipels Hom nie sien nie, was vanaf Vrydagaand tot Sondagaand gewees. Hoe Jesus na sy dood weer leef, sien ons in wat tussen Jesus en Tomas gebeur. Hoe hulle Jesus “sien” na die kort rukkie wat hulle Hom nie gesien het nie, hoor ons in die geloofsbelydenis van Tomas: “My Here en my God!”

Wie Jesus vandag is, sien ons in wat met Jesus en Tomas op 'n week na Paasnaweek gebeur. Die Jode het dae inklusief getel. Hulle tel die dag waarop iets gebeur as die eerste dag. Daarom het die Here op die derde dag uit die dood uit opgestaan, want jy tel vanaf Vrydag as die eerste dag, en dan is Sondag die derde dag. Agt dae later in ons teksgedeelte beteken dan die Sondag na die Paasnaweek het die Here aan Tomas verskyn.

2. Op Paasondagaand het die Here verskyn en tussen sy dissipels gaan staan, terwyl die deure gesluit was en daar nie regtig vensters in daardie geboue was om by in te kom nie.

Tomas was nie Paassondagaand saam met die dissipels nie. Toe hulle Hom vertel dat hulle die Here gesien het, en wat hy in sy hart geweet het hulle nie regtig kon gesien het nie, het hy vir hulle sy geloof oor wat gebeur het op Paasvrydag en wat hulle op Paassondagaand gesien het só gestel: “As ek nie die merke van die

Christus laat ons lewe die ewige lewe saam met Hom wees

spykers sien, my vinger in die merke steek nie, en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo wat julle vertel wat julle gesien het nie.”

Daarmee verklaar Tomas dat hy glo hulle het Jesus herleef en van Hom ’n herlewing gehad, maar hulle herlewing van Jesus is nie iets wat regtig gebeur het nie.

Hy stel daarmee aan hulle dat hulle Jesus net in hulle gedagtes, gevoelens en gees herleef het, ’n geestesandoening in hul roumart oor Hom gehad het, want Jesus self leef nie meer nie, en hy, Tomas kan nie in ’n herleefde Jesus glo nie. Hy sal net kan glo in die Here wat Hy geken het.

3. Die volgende Sondagaand, na Paassondagaand, verskyn Jesus weer aan sy dissipels, weer terwyl die deure gesluit was en hierdie keer is Tomas saam met hulle.

Wat die Here vir Tomas dan sê en wys, bevestig die Here aan Tomas dat sy dissipels nie ’n herlewing van of innerlike gemoedsandoening oor Hom gehad het nie. Die Here sê Hy moet sy vinger in die merke van die spykers steek en met sy hand voel aan sy sy waar Hy met die spies gestek is.

Jesus wat nou ’n week na Hy uit die dood uit opgestaan het, staan hier voor Tomas as ’n mens van vleis en bloed, dieselfde Jesus, nie ’n ander geestelike Jesus nie as wie Tomas geken het. Dieselfde Jesus wie hy Vrydag sien ly het, gekruisig word, en gesterf het.

Dit is wat Jesus se opstanding uit die dood beteken: Jesus is Sondag oggend na sy dood Vrydagmiddag weer die mens wat Hy was, vleis en bloed, met merke wat wys Hy is nie iemand anders nie.

So is en leef Jesus vandag nog steeds mens van vleis en bloed, nes Hy uit die dood uit opgestaan het om vir ewig te leef. Dit was Jesus se aankondiging in Joh. 14: 19: “Julle sal My sien omdat Ek lewe en julle sal lewe.” Christus leef vandag as mens van vleis en bloed in die hemel.

4. In die teksvers Joh. 14:19 stel Jesus: “Julle al My sien.” Hulle sien Jesus nie in ’n innerlike geestesandoening as ’n dooie mens nie; nie in ’n droom of visioen of met ’n aanvoeling van ’n geestelike mens wat naby is nie en ook nie net om aan Jesus as mens te bevoel en te bevat nie.

Tomas “sien” Jesus deur in Hom te glo wie Hy as mens van vleis en bloed sien as sy dood met die geloof in sy hart: “My Here en my God!”

Wat hier met Tomas gebeur bevestig die Here self met die woorde: “Gelukkig is die wat nie sien nie en tog glo.” Dit is weer Johannes se dubbele woordbetekenis wat

Christus laat ons lewe die ewige lewe saam met Hom wees

wys dat wie glo in die opgestane Jesus uit die dood, sien Hom as God en Here, sien en ken Hom as God!

5. Die derde deel van Jesus se woorde in Joh. 14:19 is “en julle sal lewe.” Hierdie is die gawe van die ewige lewe.

Direk na die Here se uitspraak: Gelukkig is die wat nie sien nie en tog glo, sluit Johannes sy evangelie só af: “Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur Hom die lewe kan hê.” Watter lewe? Die lewe waar Christus deur sy gees alle sonde vir altyd vergewe. ’n Lewe waar daar geen oordeel oor sonde, geen sondeskuld, geen sondestraf en daarom geen verwydering ooit tussen ons en die Here deur ons sonde is nie.

Dit is ’n lewe altyd binne die liefde van God, soos Jesus dit voor sy dood vir die dissipels gebid het – ons bly in God se liefde en God se liefde bly in ons.

Dit is die geloofsontdekking wat plaasvind wanneer jy glo Jesus het werklik liggaamlik uit die dood uit opgestaan: Hy leef vandag, gee ons sy Gees wat ons met Hom verenig en in alles wie Hy as mens vir God is vir altyd laat deel. Ons leef só saam met Christus, gister, vandag, more en vir altyd. Die lewe wat ons hier en nou, gister en more leef, is ons ewige lewe saam met Hom as ons Here en ons God.

Elke deel van my lewe, vanaf my verwekking in my moederskoot, is my ewige lewe saam met my Here en God, Jesus Christus!

Hoe so?

Want deur mens te geword het, en weer met sy lewe voort te gaan na sy opstanding uit die dood vir ewig, het Jesus my ingesluit om só saam met Hom te leef: Hy sal my ook weer uit die dood laat opstaan om weer met my lewe saam met Hom voort te gaan, vir ewig net soos Hy saam met Hom!

6. Christus maak elke en alle oomblik van ons lewe, van ons geboorte af, ewigheidsoomblikke. Hierdie waarde van elke lewensomblik is nie iets in ons eie gees nie, dit is nie ’n vorm van gevoelvolheid oor die lewe of selfs oor die kosbaarheid van ’n oomblik in terme van hoe betekenis ons self daar aan heg nie.

Christus maak dit in werklikheid ewigheidsoomblikke omdat Hy elke deel van die lewe wat ons met Hom leef, deel van die lewe ewig saam met Hom maak.

Christus het nie as mens as ’n gees uit die dood uit opgestaan wat sy vorige menslike lewe afgeskryf en tot niet gemaak het nie. Hy het nie as ’n gees opgestaan

Christus laat ons lewe die ewige lewe saam met Hom wees

om sy menslike lewe as onwerklik, waardeloos en ongeestelik agter te los vir 'n nuwe ware en waardevolle lewe as 'n gees nie.

Nie een deel van Jesus se lewe voor sy dood het waardeloos geword of meer geestelik of goddelik geword met 'n nuwe ander tipe lewe nie. Elke deel van die Here se lewe as mens voor sy dood is ewigheids-oomblikke.

Sy Gees lei ons nie met nuwe goddelike visioene, goddelike ervarings van Jesus se nuwe geestelike lewe na Hy kamstig sy menslike lewe agtergelos het nie. Sy lewe as mens voor sy dood is die lewe waarin die Gees ons insluit, mee verenig en laat deel as die kosbare lewe wat ons vir God waardevol, heilig en regverdig maak.

Só leef en deel ons met Christus sy volle menslike lewe wat Hy voor sy dood geleef het, en vandag nog leef as mens in die hemel. Dit is wat Jesus verklaar: "Ek sal leef en julle sal leef." Ons leef sy menslike lewe saam met Hom as die ewige lewe saam met Ho as ons God en Here.

7. Elke deel van die Here Jesus se lewe voor sy dood, gee aan ons lewe ewigheidswaarde. Sy geboorte en lewe as heilige mens wat Hy vir dertig jaar lank geleef het, maak ons heilige mense. Sy lyding wat Hy gedra het in en deur sy lewe om as sonder 'n veroordeelde te wees, en terselfdertyd die verheerlikde Seun te wees, maak ons verheerlikde kinders van God. Sy kruisiging maak ons God se geseënde kinders wat in die seëninge deel van Christus se lewe; Sy dood maak ons skuldloos omdat ons nou deel is van die verdienste van die lewe wat Christus geleef het en sy verwerping om ter helle nee te daal maak ons God se geliefde kinders omdat ons deel is van die liefde wat Hy sy hele ewe vir God geleef het.

Hierdie lewe wat die Here as mens op aarde geleef het, gee ons lewe ewigheidswaarde. Jesus het nie na sy opstanding nuwe goddelike waardes gekry om aan ons toe te voeg nie. Dit is sy lewe voor sy hemelvaart wat ons lewe ewigheidswaarde gee.

Nie een deel van die Here se lewe op aarde het waardeloos geword in 'n geestelike tipe lewe na sy opstanding uit die dood nie. Deur sy opstanding kan Hy ons juis laat deel in die waarde van die lewe wat Hy op aarde geleef het.

Dit is hoe die Here vandag ons lewe die ewige lewe met Hom ook maak. Niks wie ek as mens van my konsepie af is, sal wegraak, tot niet gaan of verdwyn asof dit nie deel van my ewige identiteit as mens is nie.

In hierdie geloof dien, eer, dank en aanbid ek God in elke oomblik van my lewe in swaarkry en voorspoed, want elke oomblik is deel van my ewige identiteit as mens met God vir ewig.

Christus laat ons lewe die ewige lewe saam met Hom wees

8. Ons word nooit deel van 'n goddelike "hemelse" identiteit wat ons menslike identiteit afsterf en agterlaat vir 'n nuwe goddelike identiteit nie.

Dit is die afgodsdienste van alle geestelike herlewings! Jesus moet herleef word, anders is Hy weg. Jesus moet herleef word anders leef Hy nie meer regtig nie. Jesus moet lewend word deur vandag sy goddelike lewe deur ons te kom leef, en ons moet menslike identiteit verloor vir sy goddelike lewe in ons!

Hierdie sogenaamde "goddelike lewe" as 'n hemelse lewe op aarde, is totaal iets anders as die ewige lewe wat Jesus Christus ons saam met Hom laat leef.

Dit sien 'n mens duidelik in wat jy alles moet doen om deel van hierdie hemelse lewe op aarde te kan word: jy moet jou eie persoon, jou eie karakter, jou eie wil, jou eie identiteit en gees innerlik in jouself doodmaak deur daarmee te disassosieer sodat Jesus se sogenaamde goddelike gees binne in jou kan kom lewe! Op hierdie wyse moet jy jou aardse lewe heeltemal afsterf en tot niet maak binne in jouself as die voorwaarde om Jesus se sogenaamde goddelike lewe te kan leef.

9. Hierdie identifikasie met God deur Jesus is die diepste ongeloof in die Here Jesus Christus!

In hierdie identifikasie met God, glo mense nie

- dat die Here self as mens van vleis en bloed uit die dood uit opgestaan het nie, en vandag nog steeds mens van vleis en bloed in die hemel is nie.
- dat nie dat hulle met Hom as mens in die hemel verenig is om sy lewe met Hom as mens te deel nie.
- dat hulle die opgestane Here Jesus sien as Here en God self, die Skepper deur wie alles tot stand gekom het nie. (Joh. 1: 1-3)

Hulle doen heeltemal iets anders. Hulle herleef Jesus!

Hulle herleef Hom om Hom in hulle uit sy dood uit te laat opstaan en Hom in hulle lewendig te maak. Hulle herleef Hom as 'n goddelike gees wat binne in hulle opstaan wat hulle deel maak van die goddelike krag, mag, wil persoon en lewe van God self. Hulle herleef Jesus as 'n afgod soos alle goddeloses nog altyd in hul beelde God in hulle herleef en beleef het, omdat hulle nie in God glo nie, Hom nie as Here en God sien nie.

Dit is die hemelse goddelike lewe wat hulle hier op aarde wil beleef omdat hulle hul menslike lewe wat God hulle gee en laat leef minag. Hierdie goddelike hemelse lewe

Christus laat ons lewe die ewige lewe saam met Hom wees

wat hulle op aarde beleef, misken die ewige lewe wat die Here Jesus Christus ons in lat deel en saam met ons as mense leef.

10. Ons mag nie teenoor hierdie goddelike lewe ons ewige lewe met die Here as minderwaardig sien of voel omdat hierdie geestelikes voorhou dat hulle in die krag en mag van God 'n goddelike hemelse lewe op aarde leef nie.

Ons sien die opgestane Here Jesus Christus en ons glo in Hom as ons Here en ons God!

Saam met Hom leef ons die ewige lewe elke dag. Ingesluit in wie Hy as mens in die hemel is, saam met Hom as God en Here!

Daarom leef ons in die vaste wete dat Hy ons ook uit die dood sal laat opstaan soos Hy: mens lewend van vleis en bloed, dieselfde mense met dieselfde menslike identiteit waarmee ons geleef het, nou sonder sonde!

Ons minag nie ons lewe op aarde as minderwaardig en probeer elke dag en deel van ons lewe en liggame afsterf en vernietig nie. El dag, elke oomblik van ons hele lewe is deel van ons ewige lewe as mense met ons Here en ons God – vir altyd.

Kom ons gaan leef ons lewe as mense in die vreugde van ons Here! Kom ons verwerp die goddelike lewe van die goddeloses en hul geestelikes!